# Die Groot Gebod!

Donderdag 28 Oktober 2021

**<u>Lees</u> Mat 22:34-40; Luk 10:25-28; 1 Joh 4:19**

**<u>Mat 22:36</u>**

**36** "Meneer," vra hy, *(die Fariseer)* "wat is die grootste gebod in die wet?" **37** Jesus antwoord hom: " **'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand."**

Ons kyk vandag na **Die Groot Gebod** en eerskomende Maandag kyk ons na **Die Groot Opdrag.**

**Die Groot Gebod in die Bybel handel oor die liefde wat ons vir God moet hê.** Maar ons moet ook besef dat ons God nie uit ons eie kan liefhê nie, want God het ons eerste liefgehad.
**<u>1 Joh 4:19</u> "Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."**

**God het ons uitgekies nog van voor ons geboorte**. Voordat ons God geken het, het Hy ons geken, by die naam. Trouens dit is God se genade dat ons gebore is en sy kinders is, want Hy het ons losgekoop van die sonde met die bloed van sy eie Seun.

**Dit is die wonder en die groot genade dat God ons eerste liefgehad het,** ondanks ons sonde en oortredinge en dat Hy ons sy kinders gemaak het. Trouens die testament is geskrywe, ons is sy aangenome kinders en ons erfenis is die hemelse koninkryk.

**Dit is soos 'n kind wat gebore word.** 'n Kind weet niks van sy pa en ma, as hy/sy gebore word nie. Maar dadelik na geboorte is daar 'n band wat groei en toeneem. Sy ouers omhels hom/haar en vou hom toe in liefde. Sy liefde vir sy ouers groei dan namate hy groter word.

**So is dit met God. God het ons eerste liefgehad**. Maar vanweë sy liefde en sy genade en sy leiding deur die Heilige Gees, groei ons in ons liefde vir God.

Maar hierdie **Groot Opdrag** dat ons God moet liefhê, leer ons dat die liefde is baie ernstig en gedefinieerd.

**Jy moet die Here jou God liefhê**

- **met jou <u>hele hart</u>** dit dui op jou hele lewe. Die kern van jou denke, jou wese, jou gedagtes, woorde en werke. **<u>Spr 4:23</u> "**Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."
- **en met jou <u>hele siel</u>,** dit is kern, die bron van jou denke.
- **en met <u>al jou krag</u>,** beteken met alles waartoe jy in staat is
- **en met jou <u>hele verstand</u>,** dit is meer as net jou denke, dit is die jou hele intellek, jou gesindheid

**Mag ons die groot gebod altyd ten volle uitleef tot eer van God.**
Dit is die feit van die Skrif:

- God moet geëer word.
- God moet verheerlik word.
- God moet geprys word!
- Maar ons moet God liefhê met ons hele hart, siel, krag en verstand.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***